Keurings

Die proses van keuring van u diere, manlik of vroulik is ‘n belangrike proses in u onderneming en moet met omsigtigheid gedoen word, want dit bepaal u sukses vir die daaropvolgende jare.

Die volgende is riglyne vir keurings om die proses vir keurders sowel as telers makliker te maak tydens keurings.

Telers

Wat u as teler moet doen voor ‘n keuring;

1) Gaan geboortesertifikate na en kontroleer of diere nog in u kudde is
2) Maak seker alle diere wat gekeur moet word het prestasiedata beskikbaar vanaf LNR(Logix)
3) Sorg dat die diere duidelik geidentifiseer kan word, brand- tatoeër – of oorplaatjies
4) Sorg dat daar goeie hantreerkrale is om diere gemaklik te kan keur
5) Reël betyds vir ‘n keurder. Indien u probleme ondervind skakel die kantoor of Kerneels van Rensburg (082 6512783)
6) Maak seker dat u of die keurder die inspeksie lys aanvra by die kantoor.
7) Vermy diere met indekse wat te hoog is.

Minimum rasstandaarde vir keuring van u Beefmaster Kudde
Groeivermoeë

Algemeen – alle diere gebore vanaf 1 Januarie 2005 moet amptelike prestasie data hê, soos verwerk deur die LNR(Nasionale Vleisbeesverbeteringskema) Dus sal alle diere wat vir keuring aangebied word slegs gekeur kan word as die data beskikbaar is op die dag van keuring. Speenindeks is VERPLIGTEND en een of beide van die 12mde of 18mde indekse moet beskikbaar wees.

Verse: a) Speenindeks van ten minste 90
b) Jaaroud en of 18 maande van ten minste 90
Bulle: a) Speenindeks van tenminste 90
b) Jaaroud en of 18 maande ten minste 90
c) Geen uitsonderings!

Nota: Die skrotum omvang van Fase B bulle word nie amptelik gemeet nie. die keurder kan in gevalle waar daar twyfel bestaan of die testes die gewenste grootte is, die testes meet en die volgende tabel as riglyn gebruik.

Minimum skrotumomvang op massa van;
300mm met ‘n liggaamsmassa van onder 400kg
310mm met ‘n liggaamsmassa van 400kg tot 449kg
320mm met ‘n liggaamsmassa van 450kg tot 499kg
330mm met ‘n liggaamsmassa van 500kg en meer

Fase D en C getoetste bulle

a) Speenindeks van ten minste 90

b) Tydens naspeense groeitoetse geld die minimum vereistes soos deur die Nasionale Vleisbeesverbeteringskema neergelê vir keuring. Diere wat nie aan die vereistes voldoen nie moet gekanselleer gekastreer en geslag word.(GDO; GDT; VOV - Fase C) Kleiberverhouding (Fase D) indekse moet ten minste 90 wees.
Ingeval van Fase D2 sal die GDO indeks buite rekening gelaat word.

Keurders

Wat u as keurder doen voor 'n keuring;

Met die keurder se aankoms op die teler se plaas;

- Kyk na die algmene weidings omstandighede op die plaas en in die omgewing
- Kyk na die algemene toestand van die diere in die kraal.
- Daar is twee tipes kuddes wat gekeur kan word;
    1) '**n Bestaande kudde** - waar die diere by SA Stamboek geregistreer is, maar waar daar ook diere vir eerste aanvaardings aangebied word.
    2) **Nuwe kuddes** – hier word gewoonlik die hele kudde as eerste aanvaarding gekeur.

Dokumente benodig vir keurings;

Neem jou Beefmaster Grondwet asook skedule B te alle tye saam sodat daar geen onduidelikheid is oor minimum rasstandaarde tydens die keurings nie.

Bestaande kuddes;

Gaan prestasie data na tydens die keuringsproses. Maak ook seker van die diere se ID nommers.

1) **Inspeksielys** – Vra die lys deur die Beefmaster kantoor aan (**Logix inspeksielys**) op hierdie lys is alle prestasie inligting van diere wat nog nie gekeur is nie.
2) **Eisvorm** – moet voltooi en aan die Beefmaster Kantoor gestuur word
3) **Eerste aanvaardingslys** – hierdie lys moet volledig voltooi word deur die keurder
4) **Keuringslys** – hierdie lys word gebruik om die keuring op te doen in die boer se kraal.

Na die keurings;

-Vul alle vorms so volledig moontlik in.

1) Gebruik Logix-Keuringslys en gaan geboortesertifikate na. teken hulle en stuur getekende sertifikate asook Logix-keuringslys aan SA Stamboek.
2) Voltooi eisvorm en stuur aan Beefmaster Kantoor

Nuwe kuddes

1) **Eisvorm**
2) **Keuringslys**
3) **Eerste aanvaardingslys**

Na die keurings;

1) Gerbruik keuringslys om die eerste aanvaardingslys te voltooi. Stuur dit aan SA Stamboek
2) voltooi eisvorm en stuur aan Beefmaster Kantoor
3) oorhandig keuringslys aan die teler vir bewaring
4) Sorg te alle tye dat u korrek optree en wees goed ingelig voor u gaan keur. Doen die werk met ‘n passie en wees positief want dit si die beeld wat u uitdra aan ‘n nuwe teler

Onthou dat geen taak voltooi is alvorens die papierwerk nie afgehandel is nie!

VERORDENINGE

VERANDER AS VOLG;

1. KUDDEBOEK

Die Kuddeboek, wat bekend sal staan as die Beefmasterkuddeboek, sal bestaan uit ‘n Hulpstamboek – en Volgeregistreerde afdeling.

1.1.1 Eerste aanvaardings (EA)

Vroulike dier wat by keuring die fenotipiese eienskappe vertoon van diere wat die nageslag is van Beefmasterbulle, waarvan een of albei ouers onbekend is.

- Dit mag nie die nageslag van enige melkras dier wees wat met Beefmasterbulle gepaar is nie.
- Dit mag nie diere wees van ‘n ander erkende vleisrasbees wat nie Brahman bloed bevat nie

Die nageslag van die diere sal as Hulpstamboek A aangeteken word en die manlike nageslag sal nie vir registrasie aangeteken word.

1.1.2 Hulpstamboek A

Vroulike diere wat by keuring die vereiste fenotipiese eienskappe vertoon, aan die minimum rasstandaarde voldoen, soos van tyd tot tyd deur die raad neergelê en wat –

(a) uit ‘n kudde kom waarvan die lid ‘n bevredigende verslag van die stamboom aan die raad kan verstrek, of
(b) voorheen aangeteken is as ‘n F1 Beefmaster en waarvan een of beide ouers nie bekend is nie, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

1.2 Hulpstamboek B

(a) Nageslag gebore uit die paring van ‘n Hulpstamboek A vroulike dier en ‘n geregistreerde Hulpstamboek B, Hulpstamboek C of Volgeregistreerde Beefmasterbul, en wat aan die minimum rasstandaarde voldoen en ook die vereiste fenotipiese eienskappe van die Beefmaster vertoon, mag in die Hulpstamboek B Afdeling geregisreer word: Met dien verstande dat Beefmasterdiere wat voorheen aangeteken is as F2 Beefmaster en waarvan slegs een of geen van die ouers nie bekend is nie, vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling in aanmerking kom.

(b) Nageslag gebore uit Hulpstamboek A, Hulpstamboek B of Volgeregistreerde vroulike diere as gevolg van meerbulparings met geregistreerde Beefmasterbulle sal ook vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling in aanmerking kom.

Indien daar eninge vra in die verband is kontak.
Helga Prinsloo by die Beefmaster Kantoor
086 1113144 / 083 417 7047 of
Kerneels van Rensburg
017 8192149 / 082 6512783.